

Dinsdag 19 Mei

Skrifgedeelte: Matteus 27:1-2; 11-31

Fokusgedeelte: Matteus 27:11

Jesus is die ewige Koning!

Jesus het klaar voor die Joodse Raad verskyn en hulle het besluit dat Hy skuldig is aan godslastering en dat Hy die dood verdien (vgl. Matt. 27:57-67). Maar Israel was deel van die Romeinse Ryk en die Joodse Raad het nie die mag gehad om iemand met die dood te straf nie. Daarom bring hulle vir Jesus na Pilatus toe, wat die Romeinse goewerneur was.

Voor Pilatus verander die Joodse Raad hulle aanklag na 'n politieke aanklag (vgl. Luk. 23:1, 2). Hulle weet dat Pilatus hom nie aan 'n aanklag van godslastering sal steur nie, en daarom kla hulle Jesus aan vir opstand teen die Romeinse regering. In sy ondersoek vra Pilatus vir Jesus: "Is jy die Koning van die Jode?" En dan antwoord Jesus: "Dit is soos u sê." Letterlik staan daar: "U, u sê."

Jesus se antwoord is doelbewus dubbelsinnig en baie betekenisvol. Aan die een kant is Hy nie 'n koning wat besig is om 'n opstand teen die Romeine te beplan nie – dit kan duidelik gesien word in die feit dat Hy niks geantwoord het op al die beskuldigings teen Hom nie. Maar aan die ander kant is Hy wel 'n koning. Hy is die ewige Koning wat gekom het om die sonde, Satan en die dood te oorwin. Vir hierdie oorwinning lê Hy sy lewe af (vgl. Joh. 10:17, 18).

Tydens Jesus se verhoor word Barabbas vrygelaat. Hy is 'n krimineel wat die doodstraf verdien. Maar hy word vrygelaat en Jesus wat onskuldig is, word gekruisig. Wat met Barabbas gebeur het, gebeur op 'n dieper vlak met elke gelowige. Jesus wat onskuldig is, word gekruisig sodat ons wat skuldig is, vrygespreek kan word. Barabbas se naam beteken "*seun van die vader*". Die ware Seun van die Vader sterf vir ons sondes, sodat ons God se seuns en dogters kan wees.

Gelowiges is dus "Barabbasse" – seuns en dogters van God. Omdat ons sy seuns en dogters is, gee Jesus aan ons die Heilige Gees om soos sy kinders te leef – ook vandag!

Sing: Psalm 107-1:1, 10

Dr. HM Zwemstra (Heinrich) (Walvisbaai/Swakopmund)